# SA Wrestling Federation Stoeifederasie

AFRIGTERS RAAD / COACHES COUNCIL

BOKSBURG-NORTH
PO Box 5221
1461
Tel: 011-917-7510
Fax: 011-917-3262
E-mail: necchem@iafrica.com

**Aan:** Sekretaris/ President – Stoei SASF Verenigings

**Van:** SASAR

19 Februarie 2014

**SASAR OMSENDSKRYWE 06/2014**

Ons wil graag die kriteria vir die Jeug Olimpiese Spele van 2014 aan almal deurgee.

Die Suid-Afrikaanse Stoei Federasie het nog nie die finale seleksie kriteria vir kwalifisering tot die Jeug Olimpiese Spele ontvang vanaf SASKOK nie. Ons het egter besluit om die voorlopige kriteria uit te stuur ten einde die betrokke persone vroegtydig in te lig. Dit is belangrik dat u besef dat die kriteria moontlik kan verander, indien wel sal ons u dienooreenkomstig inlig.

Dit is baie belangrik dat ons besef dat SASCOC die finale besluitnemings reg het, oor die insluiting of weglating van enige atleet of stoeier asook die grootte van die finale span.

**Die volgende drie vereistes is neergelê deur SASCOC:**

1. Nasionale Federasies moet voldoen aan hulle onderskeie Internasionale Federasies (FILA) se neergelegde vereistes.
2. Dat die kwalifiserende span, individue of kombinasies van atlete saamgestel is uit die regte verhouding atlete van voorheen benadeelde sektore van die Suid-Afrikaanse gemeenskap insluit.
3. Atlete moet voldoen aan die neergelegde vereistes van die Nasionale Federasie vir kwalifikasie tot die Jeug Olimpiese Spele.

**Die FILA vereistes is as volg:**

Ek gee ’n kort opsomming van die belangrikste punte.

1. Slegs stoeiers gebore tussen **1 Januarie 1997** en **31 Desember 1998** kwalifiseer vir deelname. **Stoeiers wat in 1999 gebore sal nie kan deelneem aan die S.A. Kontinentale Proewe in die kwalifiserende massa en style vir die Jeug Olimpiese Spele nie. Die alternatiewe massas wat nie as kwalifiserende massa dien nie, sal wel oop wees vir deelname deur stoeiers gebore in 1999. Sien ook die inskrywings vorm van S.A. Kadet proewe.**

2. Die Afrika Kadet Kampioenskappe sal dien as kwalifiserende kontinentale toernooi soos bepaal deur Fila, 19-20 Mei 2014 waar die stoeier **eerste** geplaas moet wees.

3. Die 10 kadette massas is verdeel in twee d.w.s. vyf elk vir die Vrystyl en Grieks-Romeins en net vier massas vir die meisies. Dit wil sê daar is veertien (14) stoeiers wat kan kwalifiseer vir die kontinentale Fila kwalifiserende toernooi.

| Grieks Romeinse Massa | Vrystyl Massa | Vroue Massa |
|---|---|---|
| 42kg | 46kg | 46kg |
| 50kg | 54kg | 52kg |
| 58kg | 63kg | 60kg |
| 69kg | 76kg | 70kg |
| 85kg | 100kg | |

4. ’n Land of Nasionale Federasie kan ’n maksimum van vyf stoeiers insluit in sy Jeug Spele Span na afloop van die kwalifiserende toernooi en die vyf is saamgestel soos in punt vyf (5) uiteengesit.
5. ’n Land of Nasionale Federasie kan net twee stoeiers per styl by die mans Vrystyl (2) en Grieks-Romeins (2) insluit en net een (1) dame.

**SASF se Kriteria vir die Jeugspele Span:**

Die SASF kriteria is as volg:

1. Die interim vereistes vir die S.A. Kontinentale Kadet proewe soos vervat in SASAR Omsendskrywe 20/2013.

2. ’n Eerste plek by bogenoemde S.A. Kontinentale Kadet proewe.

3. FILA en SASKOK se kwalifiserende vereistes soos reeds bo genoem.

Sodra ons die finale seleksie kriteria ontvang sal ons verdere inligting in die verband aan u stuur.

Vriendelike Stoeigroete
Afrigters Raad

Regards

Nico Coetzee
Chairman SAWFCC